higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

12 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar✓
1.2 Onwaar✓
1.3 Waar✓
1.4 Waar✓
1.5 Waar✓
1.6 Onwaar✓
1.7 Onwaar✓
1.8 Onwaar✓
1.9 Onwaar✓
1.10 Waar✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 *Zuma* 1995✓
2.2 35✓
2.3 28✓
2.4 Roof
2.5 Hoogste Hof van Appèl
2.6 *Sinama* 1998✓
2.7 16✓
2.8 219✓
2.9 *Autrefois convict*✓
2.10 *Khumalo* 1991✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 H✓
3.2 L✓
3.3 J✓
3.4 A✓
3.5 I✓
3.6 B✓
3.7 C✓
3.8 D✓
3.9 G✓
3.10 F✓

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Akkusatoriese prosedure

- Dit beteken dat die misdaad deur die polisie ondersoek word. Nadat die ondersoek afgehandel is, word al die getuienis aan die vervolging voorsien.
- Die vervolging beheer daarna die proses deur die aanklagte te formuleer en die saak voor die hof te bring.
- Die saak is dan tussen die beskuldigde en die vervolging, met ’n regter of landdros wat oor die saak beslis
- sonder enige betrokkenheid, tensy in baie spesifieke omstandighede. (4)

4.1.2 Inkwisitoriese prosedure

- Die regter beheer die proses en is aktief by die proses betrokke.
- Die regter voer die ondersoekproses uit deur ’n gearresteerde persoon te ondervra.

OF

- Tydens die verhoor doen die regter al die ondervraging. (2)

4.2 **Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

(2)(b) indien enige van die beskuldigdes van die verrigtinge afwesig is, hetsy ingevolge die bepalings van subartikel (1) of sonder verlof van die hof, kan die hof, indien hy van oordeel is dat die verrigtinge nie verdaag kan word sonder onbehoorlike benadeling, belemmering of ongerief aan die vervolging of ’n medebeskuldigde of ’n getuie wat aanwesig is of wat gedagvaar is om aanwesig te wees nie,

(aa) in die geval van paragraaf (a), die afwesigheid van die betrokke beskuldigde van die verrigtinge magtig vir ’n tydperk deur die hof bepaal en op die voorwaardes wat die hof na goeddunke oplê; en

(bb) gelas dat die verrigtinge in die afwesigheid van die betrokke beskuldigde voortgesit word. (5)

4.3

- Die doel van inhegtenisneming is om te verseker dat ’n verdagte in die hof sal wees om op ’n aanklag te antwoord en sodat die owerhede kan besluit of die persoon skuldig is of nie.
- Die doel is nie om die gearresteerde persoon te straf vir die pleging van ’n beweerde misdaad waarvoor hy/sy nie skuldig bevind is nie. (2)

4.4 **Enige SEWE van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

(1) Enige landdros of vrederegter kan ’n lasbrief vir die inhegtenisneming van ’n persoon uitreik op skriftelike aansoek van ’n prokureur-generaal, ’n staatsaanklaer of ’n polisieoffisier −✓
wat die misdryf uiteensit wat na bewering gepleeg is;
wat beweer dat sodanige oortreding gepleeg is binne die regsgebied van sodanige landdros of, in die geval van ’n vrederegter, binne die regsgebied van die landdros binne wie se distrik of gebied die aansoek aan die vrederegter om bedoelde lasbrief gedoen word, of waar bedoelde misdryf nie binne sodanige regsgebied gepleeg is nie, wat beweer dat dit bekend is of op redelike gronde vermoed word dat die persoon ten opsigte van wie die aansoek gebring word, binne so ’n regsgebied is; en
(c) wat verklaar dat daar op grond van inligting onder eed verkry ’n redelike vermoede bestaan dat die persoon ten opsigte van wie die lasbrief aangevra word die beweerde misdryf gepleeg het.

(2) ’n Lasbrief tot inhegtenisneming wat kragtens hierdie artikel uitgereik word, gelas dat die persoon wat in die lasbrief beskryf word, deur ’n vredesbeampte in hegtenis geneem word ten opsigte van die misdryf in die lasbrief vermeld en dat hy, ooreenkomstig die bepalings van artikel 50, voor ’n laerhof gebring word.

(3) ’n Lasbrief tot inhegtenisneming kan op enige dag uitgereik word en bly van krag totdat dit ingetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien so ’n persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag, of totdat dit uitgevoer word.

(Enige 7 × 1) (7)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 5.1.1 **Enige SES van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

(a) Ten einde ’n geldige vonnis op te lê, moet ’n hof jurisdiksie hê om die toepaslike oortreding te verhoor. Let op dat ’n laerhof óf uit ’n landdroshof (distrikshof) óf ’n streekshof bestaan.
  (i) ’n Landdroshof mag alle sake verhoor, behalwe moord, hoogverraad, verkragting en gedwonge verkragting (kyk a 89 van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944). Hierdie hof mag dus in beginsel ‘handeldryf in dagga’ verhoor.
  (ii) ’n Streekshof mag alle sake verhoor, behalwe hoogverraad (kyk a 89 van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944). Dit is derhalwe ook bevoeg om ‘handeldryf in dagga’ te verhoor.

(b) Jurisdiksie met betrekking tot straf
  (i) ’n Distrikshof mag ’n beskuldigde tot ’n boete van R60 000 en/of drie jaar gevangenisstraf per aanklag vonnis.
  (ii) ’n Streekshof mag iemand tot ’n boete van R300 000 en/of 15 jaar gevangenisstraf per aanklag vonnis.
  (iii) Die jurisdiksie met betrekking tot straf kan uitdruklik by wet verhoog word, maar is nie op hierdie vraag van toepassing nie. Die boete van R60 000 is dus algemeen in albei howe. Grondwetlik sake − ’n laerhof het jurisdiksie met betrekking tot ’n grondwetlike saak slegs indien ’n Parlementswet dit met sodanige jurisdiksie beklee. (Enige 6 × 1) (6)

5.1.2 **Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

Enige beskuldigde wat in ’n laerhof verhoor word en van oordeel is dat enige gedeelte van die verrigtinge in daardie hof onreëlmatig was (nie volgens die korrekte prosedures gedoen nie) en dat die onreëlmatigheid tot ’n regsfaling gelei het, mag by die Hoë Hof aansoek doen om verrigtinge te laat hersien.

- As die verhoor in ’n landdroshof plaasgevind het en die vonnis wat opgelê is sekere voorgeskrewe grense oorskry, word die saak outomaties vir hersiening na die Hooggeregshof verwys.
- Indien ’n hof wat ’n saak hersien, tevrede is dat ’n regsfaling nie plaasgevind het nie, sal die skuldigbevinding en vonnis bekragtig word.
- Indien die hof egter van oordeel is dat ’n regsfaling wel voorgekom het, kan hy:
  - Die skuldigbevinding en/of vonnis tersyde stel en dit deur ’n behoorlike skuldigbevinding en/of vonnis vervang, of
  - die saak terugverwys na die verhoorhof om ’n nuwe vonnis op te lê of vir ’n herverhoor. In die geval van ’n herverhoor sal die nuwe verhoor voor ’n ander landdros gehou word.
- ’n Beskuldigde se appèl na die Hoë Hof kan daarop berus dat die verhoorhof gefouteer het in sy beslissing rakende die
- getuienis dat hul skuld bo redelike twyfel bewys is,
- of dat die vonnis wat opgelê is, te ernstig was.

(Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Appèl op slegs die meriete of vonnis, met toestemming van die verhoorhof. Die aansoek om toestemming mag vergesel word deur ’n aansoek om verdere getuienis te lei.
- Appèl op grond van ’n spesiale inskrywing, verleen deur die verhoorhof op grond van ’n beweerde onreëlmatigheid
- Voorbehoud van ’n regsvraag deur die verhoorhof, hetsy *mero motu* of by aansoek deur die staat of die beskuldigde.
- Appèl deur die Direkteur van Openbare Vervolgings teen ’n vonnis deur ’n hoër hof opgelê (Enige 4 × 1) (4)

[15]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Ja. (1)

6.1.2 **Enige SES van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

’n Polisiebeampte kan sonder ’n visenteringslasbrief enige persoon of houer of perseel deursoek om beslag te lê op enige item waarna artikel 20 verwys.

a) Indien die betrokke persoon instem tot die deursoeking vir en beslaglegging op die betrokke item, of indien die persoon wat mag instem tot die deursoeking van die houer of perseel wel instem tot sodanige deursoeking en beslaglegging van die betrokke item; of
b) indien die polisiebeampte op redelike gronde glo -
   i. dat ’n visenteringslasbrief uitgereik kan word aan die persoon kragtens paragraaf (a) of artikel 21(1) indien hy om sodanige lasbrief sou aansoek doen, en
   ii. dat die vertraging in die verkryging van sodanige lasbrief die doel van die deursoeking sal verydel. (Enige 6 × 1) (6)

6.2
1. **Die misdaad** – die mate van skade of die erns van die oortreding moet in ag geneem word.
2. **Die misdadiger** – die persoonlike omstandighede van die oortreder moet oorweeg word.
3. **Die samelewing se belange** – die samelewing moet teen ’n gevaarlike misdadiger beskerm word en waarneem dat misdaad bestraf word. (3 × 2)

(6)

6.3 **Enige TWEE van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

Die beskuldigde het ’n grondwetlike reg om by die verhoor teenwoordig te wees. Dié reg word kragtens artikel 35 van die Grondwet gewaarborg wat bepaal dat ’n beskuldigde ’n reg op ’n billike verhoor het, wat die reg insluit op:
- ’n Openbare verhoor voor ’n gewone hof
- om teenwoordig te wees wanneer hy/sy verhoor word; en
- Om getuienis aan te voer en te betwis. (Enige 2 × 1) (2)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 **Enige SES van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

Artikel 49(2) van die Strafproseswet bepaal dat indien enige arresteerder poog om ’n verdagte in hegtenis te neem en die verdagte weerstand teen die poging bied, of vlug, of hom/haar teen die poging verset en vlug, wanneer dit duidelik is dat ’n poging aangewend word om hom of haar in hegtenis te neem, en die verdagte nie sonder gebruikmaking van geweld in hegtenis geneem kan word nie, mag die arresteerder, ten einde die inhegtenisneming in werking te stel, sodanige geweld gebruik wat redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede is om die verset te bowe te kom of om die verdagte te verhinder om te vlug: Mits die arresteerder kragtens hierdie artikel gemagtig is om dodelike geweld te gebruik wat ten doel het om, of waarskynlik aanleiding sal gee tot, die dood of ernstige liggaamlike besering van ’n verdagte, slegs indien hy of sy op redelike gronde vermoed

(a) dat die geweld onmiddellik noodsaaklik is vir doeleindes van beskerming van die arresteerder, ’n persoon wat die arresteerder wettiglik behulpsaam is of enige ander persoon, teen onmiddellik dreigende of toekomstige doding of ernstige liggaamlike besering
(b) dat daar ’n wesenlike risiko is dat die verdagte onmiddellik dreigende of toekomstige doding of ernstige liggaamlike besering sal veroorsaak indien die inhegtenisneming uitgestel word; of
(c) dat die misdryf waarvoor die inhegtenisneming verlang word aan die gang is en van ’n gewelddadige en ernstige aard is en die gebruik van lewensbedreigende geweld of ’n sterk waarskynlikheid dat dit ernstige liggaamlike besering sal veroorsaak, behels.

(Any 6 × 1) (6)

7.2 **Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

Nadat die gearresteerde persoon na die polisiekantoor gebring is, kan hy of sy:

- Vrygelaat word omdat geen aanklag teen hom of haar aanhangig gemaak word nie;
- Op borgtog vrygelaat word; en
- Tot 48 uur aangehou word.

Ná die verstryking van die 48 uur vanaf die tyd wat die gearresteerde persoon die polisiekantoor bereik het, is vrylating verpligtend − met ander woorde, die persoon moet vrygelaat word. Ten einde ’n gearresteerde persoon vir langer as 48 uur aan te hou, moet hy of sy voor binne die 48-uur-tydperk voor ’n laerhof gebring word, en die laerhof mag die verdere aanhouding van die gearresteerde persoon gelas. (Enige 5 × 1) (5)

7.3 **Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

- Die feit dat die beskuldigde vertroud is met die identiteit van getuies en met die bewysmateriaal wat hulle teen hom of haar kan bring
- Of die getuies reeds verklarings afgelê het en ingestem het om te getuig
- Of die ondersoek teen die beskuldigde reeds afgehandel is
- Die verhouding tussen die beskuldigde en die onderskeie getuies en die mate waarin hulle beïnvloed of geïntimideer kan word
- Hoe effektief en afdwingbaar borgtogvoorwaardes wat kommunikasie tussen die beskuldigde en getuies verbied, waarskynlik gaan wees
- Of die beskuldigde toegang tot bewysmateriaal het wat by sy of haar verhoor voorgelê gaan word
- Die gemak waarmee bewysmateriaal versteek of vernietig kan word
- Enige ander faktor wat na die hof se mening in aanmerking geneem behoort te word

(Enige 5 × 1) (5)

7.4 **Enige VIER van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.**

Ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 word ’n dokument omskryf as enige toestel deur middel waarvan inligting geberg of opgeneem word. Ingevolge artikel 246 en 247 sluit dit enige boek, pamflet, brief, omsendbrief, lys, register, plakkaat of aanplakbiljet in.

Dokumentêre bewysmateriaal bestaan uit verklarings wat skriftelik afgelê is en ten doel het om op gesteun te word. Oor die algemeen moet die volgende reëls gehoorsaam word ten einde dokumente toelaatbaar te maak:

- Die verklaring(s) wat in die dokument vervat is, moet tersaaklik en toelaatbaar wees.
- Die outentiekheid/egtheid van die dokument(e) moet bewys word, met ander woorde, dat dit eg is.
- Die oorspronklike dokument(e) moet normaalweg voorgelê word.

(Enige 4 × 1) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou